

16 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 36:1-13 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 36:1-10

Die Here gee lewe! Lewe in die lig!

Wat maak dat ons God wil dien? Wat is so anders aan God dat mense hulle goddelose lewenstyl wil prysgee en God onvoorwaardelik dien?

In Psalm 36 lees ons van die goddeloses. Hulle het geen vrees vir God nie. Inteendeel, God speel geen rol in hulle lewens nie. Dit is vir die goddelose niks om onreg en bedrog te pleeg nie. Dit is onbelangrik vir hom om goed te doen. Inteendeel, hy lê op sy bed en bedink onreg, die weg wat hy volg, is nie goed nie en dit pla hom nie dat hy slegte dinge bedink nie.

In skille kontras beskryf Dawid die Here aan ons. Verse 6-10 is 'n lofsang oor Wie God is en wat Hy doen en beteken. Die goedheid van God word aan ons soos volg beskryf: "... u goedertierenheid is tot in die *hemele* ..." en "... u geregtigheid is soos die *berge* ..." Die goedertierenheid van die Here is kosbaar, soveel so dat sy kinders onder sy vleuels skuiling vind. Dit is daar waar hulle versorg word met die vettigheid van die huis van God en die strome van sy genietinge.

Hoe goed is die Here nie vir jou en vir my nie? Met ons Here Jesus Christus wat vir ons sondes gesterf het en die Heilige Gees wat in ons werksaam is, kan ons weet dat die fontein van die lewe by die Here is. In Christus sien ons die lig en word die pad vir ons deur sy Woord belig.

Om dan te lewe in die lig, vra van ons elkeen opoffering. Dit vra om te breek met die verkeerde dinge, om te besef hoe op watter dwaalspoor die goddeloses is. Vir hulle sal die oordeel wees soos 'n groot watervloed.

Ek en jy is getuies van die goedheid van God; ons ervaar dit elke dag van ons lewens by ons huise, in ons skole en by ons werke. Laat die lig van God in hierdie lewe skyn, want God is Lig, en Hy sorg elke dag vir ons.

Sing: Psalm 36:3 (1936)

Ds. N Boy (Thabazimbi)